



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY


100
1918-2018

**UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
STRATEGIE VIR
INTERNASIONALISERING**

**FORWARD
TOGETHER**

**SAAM
VORENTOE**

**MASIYE
PHAMBILI**



INDEKS

INLEIDING	2
1. KONTEKSTE VIR DIE INTERNASIONALISERING VAN HOËR ONDERWYS (IHO)	3
1.1. Globale konteks	3
1.2. Nasionale konteks	4
1.3. Institusionele konteks	5
1.3.1. Rasionale vir internasionalisering by die US	5
1.3.2. US se kern strategiese temas	6
2. INTERNASIONALISERING BY DIE US	8
3. DOELWITTE EN OOGMERKE VAN DIE US STRATEGIE VIR INTERNASIONALISERING	9
3.1. Bestuurs-/Oorsig- en organisatoriese dimensie	9
3.2. Navorsingsdimensie	9
3.3. Akademiese programdimensie	9
3.4. Betrokkenheidsdimensie	10
3.5. Studentedimensie	10
3.6. Personeel- en postdoktorale genote-dimensie	11
3.7. Reputasiedimensie	11
3.8. Innovasiedimensie	11
4. NASKRIF	12

INLEIDING

By die Universiteit Stellenbosch (US) word Internasionalisering belangrik deur 'n doelgerigte institusionele verbintenis soos gelei deur Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019-2024. Dit is ons intensie om 'n internasionale, interkulturele en globale dimensie in alle aspekte van die universiteit te integreer, gerig deur die waardes van die US – voortreflikheid, deernis, aanspreeklikheid, respek en billikheid. Hierdie verbintenis word aanvaar deur die instelling se leierskap, organisatoriese strukture en beleide, personeel en studente, en is daarop gerig om navorsing en innovasie, leer en onderrig in diens van die samelewing te bevorder. Hierdeur streef die US om 'n internasionaal erkende navorsingsintensiewe instelling te wees, gewortel in Afrika met 'n globale reikwydte.

Om aan hierdie verbintenis uiting te gee, beoog die Strategie vir Internasionalisering:

- (1) Om die US se status as 'n betroubare globale rolspeler en 'n voorkeurvennoot in Afrika te konsolideer;
- (2) Om 'n rigtinggewende raamwerk te bied vir
 - die integrering van 'n internasionale dimensie in alle relevante institusionele beleid- en hersieningsprosesse;
 - skerper fokus in die bestaande wye reeks internasionaliseringsaktiwiteite in die instelling;
 - soepel en aanpasbare reaksies op internasionale geleenthede;
 - samewerking binne die breër konteks van SA Hoër Onderwys om internasionale vennootskappe en geleenthede in internasionalisering te ontwikkel en daaraan deel te neem;
- (3) Om 'n basis te bied vir alle personeel om hul rolle (primêr of sekondêr) binne internasionalisering te bepaal; en
- (4) Om die beleide, funksies en strukture vir internasionalisering regdeur die instelling te belyn.

Om hierdie voornemens te verwesenlik, word die US Strategiese Raamwerk 2019-2024 in 'n stel strategiese rigtingaanduiders vir internasionalisering vertaal as 'n padkaart vir fakulteite en professionele en steundienste-omgewings om 'n internasionale dimensie in hul onderskeie omgewingsplanne in te bou.

4 September 2019

I. KONTEKSTE VIR DIE INTERNASIONALISERING VAN HOËR ONDERWYS (IHO)

(Gegron op die *Konseptnota oor Internasionalisering by die Universiteit Stellenbosch* IAKI, 12 April 2018)

Duidelike tendense in hoër onderwys behels wêreldwyd 'n fokus op die internasionalisering van kurrikula, die ontwikkeling van generiese globale bevoegdheidsvaardighede, globale burgerskap of globaal-betrokke individue, internasionale/interkulturele leeruitkomst en meer strategiese benaderings tot vennootskappe. Die HO-sektor se pogings ten opsigte van internasionalisering behels egter toenemend meer as net 'n fokus op kurrikulumontwikkeling en internasionale studentemobiliteit. Groter klem word op navorsing en innovasie gelê, veral met betrekking tot hoe die internasionalisering van hierdie kernfunksie van 'n universiteit wyer as navorsingsgroepe in die instelling vasgelê word. In gesprekke oor internasionalisering kom die tema *Internationalisation of HE for Society* die afgelope tyd na vore – “bringing the global to the local, or the local to the global”.

Daarbenewens word internasionalisering in HE ook deur die nasionale konteks van die sektor bepaal, wat die parameters vasstel vir 'n instelling om sy strategie vir internasionalisering in ooreenstemming met sy eie visie en missie te ontwikkel. Hierdie afdeling stel die globale, nasionale en institusionele kontekste wat die rigting vir die ontwikkeling van die US se strategie vir internasionalisering aandui.

I.1. Globale konteks

Globalisering, met die gepaardgaande wêreldwye uitbreiding van HO, vereis van HO-instellings om die 'hoe' en 'waarom' van hul kernbesigheid in heroorweging te neem. Die uitdaging wat globalisering aan die sektor stel, lê in die imperatief om uiteenlopende agendas te balanseer, byvoorbeeld die ekonomiese agenda van mededinging en kommersialisering van hoër onderwys en dié van hoër onderwys as gemeenskapsbelang (“public good”). Binne hierdie konteks geniet die fokus op *internasionalisering van hoër onderwys* voortdurend klem as 'n instaatsteller om gehalte-onderwys (op alle vlakke) te ondersteun en tot die kennisekonomie by te dra.

Die verslag van die vierde *International Association of Universities (IAU)*-opname deur Egron-Polak en Hudson (2014) dui aan dat internasionalisering 'n integrale deel van 'n deurlopende proses van verandering is wat al hoe belangriker geword het met die algemener verwickelinge in globalisering wat nuwe geleenthede bied, maar ook nuwe uitdagings stel. Voorts word internasionalisering bykans universeel as 'n invloedryke staande item op die agenda van hoër onderwys beskou, met instellings van wisselende grootte en reputasieprofiel wat almal poog om hul internasionale aansien te bevorder en buitelandse bande te smee (Spencer-Oatey en Dauber, 2017).

Wat die gesogte kenmerke van graduandi betref, val die klem toenemend op globale vaardighede, waardes en interkulturele bewustheid. Die vierde IAU- globale opname (2014) dui aan dat die verhoogde bewustheid oor, kennis van, en waardering vir internasionale kwessies van gegradueerdes as die belangrikste voordeel van internasionalisering beskou word, gevolg deur IHO as instaatsteller van beter gehalte van onderrig en leer.

Die 2018 *European Association for International Education (EAIE) Barometer: Internationalisation in Europe* (tweede uitgawe) (opname van praktisyns in internasionalisering in Europese hoëronderrysinstellings) het data verskaf vir 'n gepubliseerde verslag getiteld *Signposts of Success* deur Anna-Malin Sandström en Ross Hudson (Karen Macgregor, “Meet success in European internationalization”, *University World News*, 27 April 2019). Die geïdentifiseerde wegwysers (“signposts”) gee 'n belangrike internasionale perspektief wat die US se benadering tot internasionalisering inlig en bekragtig, soos hieronder uiteengesit:

- Belyning van die doelwitte van internasionalisering met die kernmissie van die instelling
- Uitgebreide denke oor die omvang en bestek van die aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering waartoe die instelling verbind is
- Bepaling van 'n instellingswye strategie vir internasionalisering
- Verbintenis tot duidelike teikens vir prioriteit-aktiwiteite
- Toekenning van hulpbronne vir prioriteit-aktiwiteite
- Gereelde evaluering van die instelling se strategie vir internasionalisering
- Vaslegging van die bestuur en administrasie van internasionalisering in die institusionele struktuur op wyses wat koördinasie tussen belanghebbendes bevorder
- Die beskikbaarstelling van opleiding in internasionalisering aan personeel – veral opleiding wat verband hou met die aktiwiteite wat in die strategie geprioritiseer word
- Gereelde evaluering van die gehalte van prioriteit-aktiwiteite

1.2. Nasionale konteks

Alhoewel die eerste nasionale beleid insake die internasionalisering van hoër onderwys wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) opgestel is, die *Draft Policy Framework for the Internationalisation of Higher Education in South Africa* (in April 2017 gepubliseer) nog afgehandel word, bevat dit toepaslike aanwysers om die nasionale konteks te bepaal. Daar word verwag dat hierdie beleid van universiteite sal vereis om ag te slaan op die rasionaal en beginsels wat in die beleidsraamwerk uiteengesit word; om kennis te neem van nasionale strategieë en prioriteite; en om meetbare aanwysers vir internasionalisering te bepaal.

Die US se strategie vir internasionalisering neem dus behoorlik kennis van die konsepbeleid en erken ten volle die feit dat internasionalisering ontwikkel het tot 'n belangrike kenmerk van die SA hoëronderwyssektor. Die doel van die konsepbeleid is om hoë-vlak beginsels en riglyne te verskaf; om breë parameters te stel; en om 'n nasionale raamwerk vir die internasionalisering van hoër onderwys daar te stel, en waarvolgens hoër-onderwysinstellings hul institusionele beleide en strategieë vir internasionalisering kan ontwikkel en rig.

Belangrike idees uit die konsepbeleid sluit die volgende in:

- (1) Die konsepbeleid is duidelik oor die feit dat Suid-Afrika se belange in die eerste plek voorrang moet geniet en daarna, waar moontlik en relevant: die belange van die SAOG-state; dan die res van die Afrika-vasteland; dan die globale Suid en ontluikende ekonomieë, en dan die wêreld daarbuite.
- (2) Die konsepbeleid toon waardering vir die beginsels van onderlingheid (“mutuality”) en komplementariteit binne vennootskappe en dat aktiwiteite m.b.t. internasionalisering gehalte moet demonstreeer en waarde moet toevoeg, bv. kulturele verryking; die ontwikkeling van 'n globale burgerskap en die skepping van geleenthede om inkomste vir die instelling te genereer.
- (3) Daar word voorsiening gemaak om internasionale talent na die Suid-Afrikaanse arbeidsmark te lok en behou, byvoorbeeld vir buitelanders wat hul PhD's aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings verwerf en in skaars vaardighede afgestudeer het. Dit moet egter nie tot nadeel van werksgeleenthede vir Suid-Afrikaanse burgers wees nie.
- (4) Verantwoordelikhede van instellings:
 - (a) Dit is instellings se verantwoordelikheid om institusionele beleide of strategieë te ontwikkel, om internasionalisering in ooreenstemming met die konsepbeleidsraamwerk te fasiliteer en om te sorg dat dit die instellings se prioriteite weerspieël. Instellings moet teikens stel, instrumente

ontwikkel om uitkomst te meet en voldoende rekords byhou om inligting oor aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering te verskaf.

- (b) Instellings is verantwoordelik om toepaslike ondersteuningsdienste ten opsigte van aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering te lewer. Geoormerkte befondsing vir aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering sal nie deur die regering voorsien word nie. Die voorsiening van hulpbronne is 'n institusionele verantwoordelikheid.
- (5) Daar sal geen onderskeid getref word tussen die subsidie vir plaaslike en internasionale studente wat vir volle graadprogramme ingeskryf is nie. Studente uit SAOG-lande moet dieselfde klasgeld as plaaslike studente betaal. Instellings kan egter dieselfde of hoër klasgeld vir studente uit lande buite die SAOG-streek hef.
- (6) Bykomende gelde bo en behalwe die standaard klasgelde wat deur internasionale studente betaal word, is 'n regmatige inkomstebron, indien dit na deursigtige prosesse op 'n redelike vlak vasgestel word. Aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering mag inkomste genereer, maar die konsepbeleid is duidelik dat kommersialisering nie die primêre motivering moet wees nie.
- (7) Wat internasionale navorsingsamewerking betref, geniet samewerking met navorsers en agentskappe 'n hoë prioriteit om befondingsgeleenthede en samewerking met vooruitsigte vir billike en wederkerige toegang tot fasiliteite en kapasiteitsbou te ontsluit. Mede-outeurskap word sterk aangemoedig en die DHOO kan in die toekoms aansporings vir internasionale en plaaslike samewerking oorweeg.
- (8) Die konsepbeleid laat nie die oprigting van tak- of satellietkampusse buite Suid-Afrika en franchise-ooreenkomste toe nie, en maak geen voorsiening vir die lewering van NKR-geregistreeerde kwalifikasies buite Suid-Afrika nie. Dit maak egter wel voorsiening vir die lewering van transnasionale, kort leerprogramme met die goedkeuring van die gasheerowerhede.
- (9) Die konsepbeleid is positief oor samewerkende kwalifikasies op nagraadse vlak, aangesien dit met toegang tot navorsingspanne gehalte kan verbeter en studente se ervaring kan versterk deur blootstelling aan verskillende intellektuele tradisies en navorsingsfasiliteite wat nie by hul plaaslike instellings beskikbaar is nie.
- (10) Internasionalisering moet op alle studente konsentreer en nie net op diegene wat internasionaal beweeglik is nie, en moet die plaaslike gemeenskap betrek. 'n Fokus op internasionalisering-tuis-aktiwiteite en die internasionalisering van die kurrikulum word voorgestel.

1.3. Institusionele konteks

1.3.1. Rasionale vir internasionalisering by die US

Visie 2040 bevat duidelike rationale vir die ontwikkeling van 'n strategie vir internasionalisering:

Die Universiteit Stellenbosch sal **Afrika** se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat **wêreldwyd** as uitstekend, inklusief en innoverend erken word en waar kennis in diens van die samelewing bevorder word.

Die US streef om ter verwesenliking van die Visie 2040:

- 'n Onberispelike reputasie as 'n trotse Afrika-kennissentrum te hê wat die vasteland deur middel van navorsing, innovasie en onderwys bedien:

- ➔ **Rasionaal vir beleid en kennisdiplomatie** om 'n rolspeler in hoër onderwys in Afrika te wees wat 'n strategie-imperatief bied vir internasionale kennisdiplomatie en die kweek en handhawing van sterk bilaterale en multilaterale samewerking in navorsing, innovasie, leer en onderrig.
- 'n Getransformeerde en geïntegreerde akademiese gemeenskap te wees met 'n uitwaartse, internasionale en toekomsgerigte fokus wat kritiese denke vier, debatvoering bevorder en tot demokrasie, menseregte en maatskaplike geregtigheid verbind is:
 - ➔ **Rasionaal vir akademië en kennis**
 - om gegradueerdes te lewer wat internasionaal bekwaam en mededingend en gesog is, deur die byvoeging van internasionale perspektiewe tot bv. onderrigprogramme (samenwerkende graadprogramme, programme in vreemde tale, graadprogramme met 'n verpligte semester in die buitenland, ens.) en internasionalisering-tuisprogramme (integrasie van internasionale en plaaslike studente, kort kursusse in globale onderwys, ens.);
 - om betrokke te raak by navorsing met 'n sterk internasionale en toekomsfokus (bv. internasionale navorsingsamewerking, internasionale gesamentlike outeurskap in hoë-impak internasionale tydskrifte); en
 - om inisiatiewe vir die ontwikkeling van kapasiteitsbou in internasionalisering te onderneem wat die transformerende ervaring van die akademiese gemeenskap sal versterk – studente en personeel (fakulteite asook PASD-omgewings).
- 'n Allesomvattende impak te hê op die maatskaplike, finansiële en omgewingswelstand van die dorp, streek, land en vasteland, met 'n globale reikwydte;
 - ➔ **Sosiale en kulturele rasionaal** om interkulturele leerervarings deur globale onderwysprogramme vir internasionale en plaaslike studente te verseker; om by die dorp en onmiddellike gemeenskap betrokke te raak deur middel van vrywilligerprogramme vir internasionale besoekers en die bou van internasionale navorsingsamewerking, wat alles 'n sosiale impak sal hê.
- As 'n nasionale bate wat in die uiteenlopende behoeftes van ons gemeenskappe voorsien, 'n stelselmatig volhoubare instelling in ekonomiese, maatskaplike, tegnologiese en omgewingsverband te wees:
 - ➔ **Rasionaal vir die ekonomie en volhoubaarheid** om tot institusionele finansiële volhoubaarheid by te dra deur onder meer internasionale befondsing vir navorsingsprojekte in reaksie op sosiale behoeftes te lok, internasionale studente te werf, en om die wêreld rondom ons te beïnvloed, te verander en daardeur verander te word.

1.3.2. US se kern strategiese temas

Die ontwikkeling van doelwitte en oogmerke vir internasionalisering vereis ook belyning met die US se kern strategiese temas, wat die US-spesifieke konteks bied vir die dimensies (word in die volgende afdeling behandel) wat deur die strategie vir internasionalisering gedek moet word.



KSTI: 'n Florerende Universiteit Stellenbosch

- 1.1 Aanpassing en belyning van Universiteitsbefondsing in 'n breër sin
- 1.2 Werwing en behoud om die beste mense en talent te lok
- 1.3 Instandhouding en verbetering van wêreldklasfasiliteite
- 1.4 'n Universiteit Stellenbosch wat behendig, aanpasbaar en responsief is
- 1.5 Vordering teen 2024 om 'n voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees
- 1.6 Bevorder die US se entrepreneurskultuur wat innovasie en betrokkenheid bevorder




KST2: 'n Transformerende studente-ervaring

- 2.1 Bied 'n intelligente en tegnologie gevorderde, geïndividualiseerde akademiese ervaring in 'n inklusiewe ekosisteem
- 2.2 Betrek en skakel met studente as mededeelnemers en medeskeppers
- 2.3 Vaslegging en opname van die gegradueerde-kenmerke in die ko-kurrikulum en kurrikulumprogramme
- 2.4 Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang te bevorder, deelname te verbreed, inklusiwiteit te bewerkstellig en die US se reputasie as 'n universiteit van keuse te handhaaf
- 2.5 Skep kontemporêre kurrikulumruimtes om studente se groei en transformasie te bevorder



KST3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke

- 3.1 Bevorder 'n gefokusde benadering tot globale betrokkenheid en internasionalisering
- 3.2 Verbreding en uitbreiding van ons viervoudige heliks (die regering, die burgerlike samelewing, industrie en vennote in hoër onderwys)
- 3.3 Versterking en uitbreiding van Afrika-vennootskappe, in ooreenstemming met die US se visie en missie
- 3.4 Koester vennootskappe en verhoudings met geïdentifiseerde strategiese internasionale vennote
- 3.5 Skep meer geleentehede vir deelname vir alumni



KST4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer

- 4.1 Optimaliseer onderrig- en leerprosesse
- 4.2 Ondersteun die professionalisering van akademië in hul onderrigrol deur die bevordering van die vakgeleerdheid van onderrig en leer
- 4.3 Uitbreiding van toegang via hibriede leer
- 4.4 Fokus op die voortdurende hernuwing van akademiese programme en periodieke evaluering van die toepaslikheid van programme



KST5: Navorsing vir impak

- 5.1 Vestig interdisiplinêre navorsingsprogramme wat 'n mededingende voordeel vir die US inhou
- 5.2 Ondersteun navorsingspersoneel en investeer in die ontwikkeling van kapasiteit
- 5.3 Toenemende befondsing vir navorsing
- 5.4 Verhoog die impak van navorsing
- 5.5 Versterk navorsingsinfrastruktuur



KST6: Voorkeurwerkgewer

- 6.1 Billikheid, transformasie en die bevordering van personeel
- 6.2 Implementeer 'n werknemerbystandsprogram wat die welstand van alle personeel ondersteun
- 6.3 Die daarstelling van doeltreffende MH-bestuurstrukture, -stelsels en -prosesse wat 'n florerende US ondersteun
- 6.4 Lok, werf en behou 'n hoogspresterende personeelkorps
- 6.5 Vestig die US as 'n leerorganisasie wat op individuele sowel as organisatoriese behoeftes reageer

2. INTERNASIONALISERING BY DIE US

Gegewe hierdie globale, nasionale en institusionele kontekste, omskryf ons internasionalisering as:

'n Institusionele verbintenis om doelgerig en omvattend 'n internasionale, interkulturele en globale dimensie by die doel, funksies en programme vir alle US-studente en -personeel te integreer ten einde die gehalte en impak van leer en onderrig, navorsing en innovasie as beduidende samelewingsdiens te bevorder.

Die omskrywing van internasionalisering as *omvattend* impliseer dat dit 'n institusionele imperatief is wat alle fasette van die universiteit beïnvloed. Hierdie omvattende *institusionele imperatief* kan deur middel van agt dimensies vasgelê word, terwyl daar erkenning is vir die feit dat die dimensies onderling verband hou en dat aspekte binne een dimensie met 'n ander/ander (verskillende lae) verband (mag) hou. Hierdie agt dimensies sal as 'n leidende raamwerk vir die strategie vir internasionalisering gebruik word.

- (1) Die **bestuurs-loorsig- en organisatoriese dimensie** neem die institusionele verbintenis en die verwante bestuurstrukture vir internasionalisering in aanmerking. Daar word ook gekyk na die menslike hulpbronne wat toegewy is aan internasionale aktiwiteite en die finansiële en fasiliteitsondersteuning wat vir hierdie aktiwiteite voorsien word.
- (2) Die **navorsingsdimensie** verwys na aspekte soos internasionale samewerkingsprogramme in navorsing; internasionale navorsingsbefondsing; navorsingsentrums wat saam met internasionale vennote werk; die teenwoordigheid van internasionale navorsers (as besoekers en as voltydse personeel) en internasionale postdoktorale genote.
- (3) Die **akademiese programdimensie** behels onder meer gesamentlike graadprogramme met vennote in ander lande, programme en kursusse met 'n internasionale komponent en die deelname van studente aan internasionale studies. Die dimensie kan ook besin oor aktiwiteite soos virtuele mobiliteit en kurrikulumvernuwing. Laasgenoemde kan bydra tot die profiel en aantreklikheid van die instelling as 'n studiebestemming vir internasionale studente.
- (4) Die **betrokkenheidsdimensie** verwys na bilaterale en multilaterale vennote/konsortia in verskillende geografiese gebiede. Belangrik is ook belanghebbertebetrokkenheid by internasionale opvoedkundige organisasies en skakeling met die regering, industrie en sake op internasionale, nasionale en plaaslike vlak. Betrokkenheid sluit die bou van verhoudings en die handhawing van verhoudings in.
- (5) Die **studentedimensie** kyk na die vloei van studente en verwys na die internasionale studente by die instelling (graad en nie-graad, alle vlakke van studie en alle vakgebiede) en die mobiliteit van studente om 'n internasionale studie-ervaring in programme in te sluit. Die studentedimensie dra ook by tot die studente-ervaring op kampus wat die instelling poog om vir plaaslike en internasionale studente te skep, en kan gekoppel word aan die gegradueerde-kenmerke wat deur die instelling voorgestaan word.
- (6) Die **personeel- en postdoktorale genote-dimensie** besin oor die internasionale profiel van alle personeel en postdoktorale genote (bv. die aantal internasionale personeellede, die internasionale ervaring en blootstelling van plaaslike personeel), asook internasionale besoekende personeel vir akademiese doeleindes. Dit verwys ook na ondersteuningspersoneel en intervensies om hul vaardighede en begrip in hierdie verband te ontwikkel.
- (7) Die **reputasiedimensie** verwys na die instelling se kommunikasiestrategie op internasionale vlak en hoe daar met internasionale alumni in verbinding gebly word, en sluit internasionale strategieë vir bemaking, handelsmerkbevordering en werwing in.
- (8) Die **innovasiedimensie** verwys na die instelling se verbintenis om aktiwiteite met betrekking tot innovasie, entrepreneurskap en tegnologie-oordrag internasionaal aan te moedig.

3. DOELWITTE EN OOGMERKE VAN DIE US STRATEGIE VIR INTERNASIONALISERING

Met inagneming van bovermelde agt dimensies vir omvattende internasionalisering, die rationale vir internasionalisering by die US en die US se kern- strategiese temas, bestaan die SU se strategie vir internasionalisering uit die volgende doelwitte en oogmerke:

3.1. Bestuurs-/Oorsig- en organisatoriese dimensie

Doelwit 1: Die US plaas internasionalisering in die hoofstroom van alle aktiwiteite, funksies en beleide.

- 1.1 Versterk die institusionele bestuur en oorsig van internasionalisering
- 1.2 Integreer 'n internasionale dimensie in nuwe US-beleide en tydens die hersiening van bestaande beleide
- 1.3 Verseker finansiële volhoubaarheid deur 'n kombinasie van die ontwikkeling van inkomstegenerende internasionale aktiwiteite, 'n toename in die institusionele finansiële verbintenis tot internasionalisering en die voortgesette mobilisering van internasionale hulpbronne
- 1.4 Belyn internasionaliseringstrukture op kampus, asook binne fakulteite en departemente
- 1.5 Ontwikkel en implementeer 'n *Geïntegreerde Inligtingstelsel vir Internasionalisering* (INTERINFO)
- 1.6 Skep 'n teenwoordigheid (fisiek asook virtueel) van die US in geïdentifiseerde stede en/of streke van die wêreld

3.2. Navorsingsdimensie

Doelwit 2: Die US is 'n navorsingsintensiewe universiteit in en vir Afrika, met 'n globale reikwydte.

- 2.1 Aktiewe nastrewing van internasionale navorsingsamewerking, veral binne die US se bilaterale en multilaterale netwerke
- 2.2 Verhoog deelname aan SA bilaterale en trilaterale wetenskap-en-tegnologie-ooreenkomste met vennootlande, asook in internasionale konsortiums vir internasionale befondsing
- 2.3 Identifiseer en befonds groot samewerkende, transdissiplinêre, kruisfakulteit- navorsingsinisiatiewe met uitstekende potensiaal om die US uniek as globaal toonaangewend op 'n bepaalde navorsingsgebied te posisioneer
- 2.4 Verhoog internasionale mede-outeurskap van publikasies
- 2.5 Fasiliteer die ontwikkeling en verryking van akademieskap in Afrika in die konteks van kapasiteitsontwikkelingsprogramme vir (voornemende) PhD-studente, postdoktorale genote en vroeë loopbaan-akademici

3.3. Akademiese programdimensie

Doelwit 3: Die US deel en komplementeer ons kennisaanbod deur middel van internasionale, samewerkende leer- en onderrigprogramme.

- 3.1 Vermeerder kredietdraende internasionale komponente in geselekteerde voorgraadse, honneurs- en kursus-Meestersgraadprogramme

- 3.2 Verbreed internasionale samewerkende Baccalaureus-, Meesters- en Doktors-graad-programme
- 3.3 Bied geleentheid vir internasionalisering-tuis binne die US se leer-en-onderrigstrategie

3.4. Betrokkenheidsdimensie

Doelwit 4: Die US kweek noue verhoudinge met ons internasionale belanghebbendes deur middel van funksionele betrokkenheid, aktiewe samewerking en onderling voordelige, aanvullende, wederkerige en transformerende vennootskappe.

- 4.1 Vestig 'n sterk, veelsydige, *omvattende* vennootskapportefeulje met 'n fokus op
 - die ontwikkeling van nuwe vennootskappe in Afrika en ander strategies geïdentifiseerde streke;
 - die versterking van bestaande vennootskappe met instellings in Afrika; en
 - die insluiting van 'n kerngroep van bestaande institusionele vennootskappe buite Afrika
- 4.2 Vestig *globaal-tematiese* vennootskappe met vooraanstaande instellings ter ondersteuning van die vyf inklusiewe, oorkoepelende navorsingsgebiede wat met die strategiese ontwikkelingsdoelwitte en globale navorsingsagenda ooreenstem
- 4.3 Handhaaf vennootskappe met internasionale hoër onderwysverwante netwerke en organisasies soos die WEF, VN, UNESCO en Wêreldbank
- 4.4 Tree in vennootskap met befondsingsliggame om nagraadse studente uit Afrika en ander geselekteerde lande toe te laat om aan die US te studeer
- 4.5 Bou kapasiteit in ondersteuningstrukture vir navorsingsgroep-gebaseerde internasionale samewerking gefasiliteer deur fakulteit- en departementele vennootskappe
- 4.6 Groei die US-Afrika-platform om betrokkenheid by hoër onderwys in Afrika, navorsingsorganisasies en ander verwante regeringsorganisasies op die vasteland te fasiliteer en uit te brei
- 4.7 Die optimale benutting van die US se lidmaatskap van netwerke en internasionale onderwysverwante organisasies
- 4.8 Koester belanghebbende verhoudings met onder meer USAf, DHOO, DIRCO en DBS vir voorpraak oor internasionalisering
- 4.9 Doen gereelde hersiening, evaluering en bywerking van vennootskappe

3.5. Studentedimensie

Doelwit 5: Die US verwelkom internasionale studente, bevorder in- en uitwaartse programme vir studentemobiliteit en sorg vir 'n transformerende studenteverving vir internasionale en plaaslike studente om 21ste-eeuse burgers te ontwikkel.

- 5.1 Verhoog die kohort nie-graad-, voorgraadse en nagraadse internasionale studente
- 5.2 Bevorder nie-graad-uitruilprogramme om wederkerigheid te verseker, met 'n fokus op haalbare kontinentale in- en uitwaartse studentemobiliteit
- 5.3 Integreer 'n internasionale en globale ervaring in die transformerende studenteverving vir internasionale en plaaslike studente
- 5.4 Handhaaf professionele, toeganklike en responsiewe dienste en ondersteun omgewings vir voornemende en huidige internasionale studente

3.6. Personeel- en postdoktorale genote-dimensie

Doelwit 6: Die US skep 'n omgewing vir personeel en postdoktorale genote om hul internasionale bewustheid en netwerke te ontwikkel en uit te brei, en om hoogsprekerende internasionale personeel en navorsers vir kort- of langtermynbetrokkenheid by alle programme te lok.

- 6.1 Werf internasionale personeel ingevolge nasionale en institusionele imperatiewe ten opsigte van diensbillikheid, met oorweging aan diversiteit in die internasionale kohort
- 6.2 Verhoog die aantal internasionale navorsers (insluitend postdoktorale genote) wat die US besoek om tot navorsing en inisiatiewe vir kapasiteitsontwikkeling by te dra
- 6.3 Vestig en versterk ondersteuningstrukture vir internasionale personeel en postdoktorale genote, in oorleg met toepaslike PASD-afdelings
- 6.4 Bevorder die idee dat personeel (in primêre of sekondêre funksie) “praktisyns in internasionalisering” is
- 6.5 Skep nuwe inisiatiewe om deelname aan internasionale mobiliteitsprogramme te verhoog

3.7 Reputasiedimensie

Doelwit 7: Die US bevorder doelgerig die internasionale reputasie van die US deur geteikende strategieë vir internasionale kommunikasie, bemaking en handelsmerkbeoordering.

- 7.1 Onderneem hoëvlak kennisdiplomasië-betrokkenheid en -skakeling met die internasionale diplomatieke korps in SA, asook SA diplomatieke verteenwoordiging internasionaal
- 7.2 Bestuur en onderneem programme vir besoekende afvaardigings en bestuursmissies in lyn met die strategie vir internasionalisering
- 7.3 Neem deel aan strategiese geteikende internasionale publikasies om globale bewustheid oor die US se handelsmerke en ons internasionale vooruitsig te kweek
- 7.4 Bou, versterk en ondersteun internasionale alumni-sentrums om die US se netwerke internasionaal uit te brei
- 7.5 Benut bestaande en nuwe internasionale netwerke om die profiel van die Universiteit se prestasies onder internasionale filantropie, universiteitsvennote, internasionale befondsers en graderingsorganisasies te verhoog

3.8. Innovasiedimensie

Doelwit 8: Die US moedig daadwerklik internasionale aktiwiteite in innovasie, entrepreneurskap en tegnologie-oordrag aan.

- 8.1 Versterk die US se ondersteuning vir US-uitvindings om hul uitvindings en sakekonsepte globaal te identifiseer, beskerm en kommersieel te ontgin
- 8.2 Daadwerklike vestiging en ontwikkeling van verhoudings met toepaslike internasionale bedryfsvennote om innovasie en entrepreneurskap te ondersteun
- 8.2 Bevorder die skep van 'n nasionale beleidsraamwerk om internasionale entrepreneurs te lok

NASKRIF

Bovermelde doelwitte en die verwante oogmerke van die Strategie vir Internasionalisering ondersteun die US se Strategiese Raamwerk vir 2019-2024, en die voortvloeiende aksieplan vir internasionalisering vir insluiting by omgewingsplanne vir 2021 en daarna, sal poog om by te dra tot die bespoediging van die US se aspirasies om teen 2040 Afrika se voorste navorsingsintensiewe instelling te wees.